education

Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

**REKENINGKUNDE**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

**Punte: 300**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   - Weglating van belangrike datums
   - Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
   - Oormekaarskryf van syfers
   - Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as ’n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS Minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekeningkundige vergelyking | 38 | 23 minute |
| 2 | Beslote korporasie | 40 | 24 minute |
| 3 | Begroting | 44 | 26 minute |
| 4 | Bankversoening | 48 | 29 minute |
| 5 | Maatskappy | 50 | 30 minute |
| 6 | Vennootskap | 30 | 18 minute |
| 7 | Klub | 50 | 30 minute |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 minute** |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**REKENINGKUNDIGE VERGELYKING** **(38 punte; 23 minute)**

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Petrie's Pool & Paddle Place Handelaars vir die maand geëindig 31 Mei 2005. Die besigheid maak gebruik van 'n **kontrolerekeningstelsel**, 'n **deurlopende voorraadstelsel** en 'n **winsopslag van 25%** op kosprys. Aanvaar deurgaans 'n batige banksaldo.

**OPDRAG:**

Dui aan op die antwoordblad wat verskaf word, die Algemene Grootboekrekenings wat gedebiteer en gekrediteer word, sowel as die effek op die rekeningkundige vergelyking. Waar daar geen effek is nie, dui dit deur middel van 'n '0' aan. Volg die gegewe voorbeeld. Die netto effek word nie verlang nie.

**VOORBEELD:**

Verkoop goedere aan S. Thomson, R4 000.

| Nr. | Algemene Grootboek-rekening gedebiteer | Algemene Grootboek-rekening gekrediteer | Invloed op vergelyking | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | B | E | L |
| bv. | Debiteurekontrole | Verkope | +4 000 | +4 000 | 0 |
| | Koste van verkope | Handelsvoorraad | -3 200 | -3 200 | 0 |

**TRANSAKSIES:**

1.1 Toerusting is op rekening bestel van Jeffreysbaai Handelaars vir R2 500 min 10% handelskorting. Dit is direk aan die MTR-Kinderhuis as 'n donasie gestuur.

1.2 Ontvang H. Heyns se tjek vir R830 van die bank gemerk V/T as gevolg van onvoldoende fondse. Die tjek is voorheen ontvang ter vereffening van haar rekening van R850.

1.3 Reik 'n debietnota uit aan Balito Winkels vir voorraad teruggestuur. Balito Winkels het 'n kredietnota vir R1 850 uitgereik.

1.4 Daar is vasgestel dat rente verlede maand gedebiteer is na Lening: CB Bank. Dit moet nou reggestel word. Die volle bedrag aan CB Bank betaal was R7 200, dit sluit die terugbetaling van die lening van R6 000 in.

1.5 Betaal krediteur R. Schoeman R6 935 per tjek ter vereffening van die bedrag verskuldig, nadat 5% korting in berekening gebring is.

1.6 R. van Schoor het gekla dat die plaspoel wat hy van ons gekoop het, nie die korrekte kleur was nie. Reik 'n kredietnota ter waarde van R190 in sy guns uit.

1.7 Die bankstaat bevat die volgende inligting:
- Diensgeld, R130
- Tjekboek, R25.

**38**

## VRAAG 2

**BESLOTE KORPORASIE** **(40 punte; 24 minute)**

M. Moss en S. Stewart is lede van Datanet BK. Hulle finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

**OPDRAG:**

Stel die volgende Grootboekrekeninge, behoorlik gesaldeer of afgesluit op 30 Junie 2005, op:

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Ledebydraes | (6) |
| 2.2 | SAID (Inkomstebelasting) | (11) |
| 2.3 | Verdeling betaalbaar aan lede | (7) |
| 2.4 | Lening aan S. Stewart | (6) |
| 2.5 | Verdelingsrekening | (10) |

**INLIGTING:**

**Saldo's op 1 Julie 2004:**

| | |
|---|---|
| Ledebydraes | R 168 000 |
| Behoue inkomste/Onuitgekeerde wins | 63 750 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 22 200 (Kt) |
| Verdeling betaalbaar aan lede | 46 050 |

**Transaksies vir die tydperk Julie 2004 tot Junie 2005:**

**Julie 2004**

28 Betaal die bedrag verskuldig aan die lede.
31 Betaal die SAID die bedrag vir belasting.

**September 2004**

3 M. Moss het handelsvoorraad ter waarde van R28 050 gekoop terwyl hy op 'n private besoek aan China was. Met sy aankoms het hy versoek dat die bedrag beskou word as deel van sy ledebydrae.

**Oktober 2004**

12 M. Moss het sy persoonlike rekenaar en drukker ter waarde van R16 200 aan die beslote korporasie vir administrasiedoeleindes gegee. Die bedrag sal deel uit maak van sy ledebydrae.

*Kopiereg voorbehou* 

**Desember 2004**

29 Betaal voorlopige belasting aan die SAID, R60 300.

**Mei 2005**

30 S. Stewart het R27 000 van die BK geleen om vir sy seun 'n motor te koop. Die lening is rentevry en 'n bedrag van R2 250 sal elke maand op die 25ste van sy salaris afgetrek word ter betaling van die lening. Die eerste aftrekking sal op 25 Junie plaasvind.

**Junie 2005**

25 Die eerste aftrekking van S. Stewart se salaris is gemaak (sien 30 Mei).
28 'n Tweede voorlopige belastingbetaling van R55 200 is gemaak.
30 Die netto inkomste vir die jaar is R342 000. Die belastingaanspreeklikheid vir die jaar is deur die rekeningkundige beampte bereken op R119 700.
Die lede het besluit om R72 000 van die winste te verdeel.

**40**

## VRAAG 3

**BEGROTING** **(44 punte; 26 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Jordaan Oudhede:

**OPDRAG:**

3.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule wat die bedrag aandui wat die oudhede-handelaar van debiteure sal ontvang van 1 Desember 2005 tot 28 Februarie 2006. Sommige van die bedrae is reeds vir jou in die antwoordeboek bereken. (10)

3.2 Stel die Kontantbegroting van Jordaan Oudhede vir die drie maande tot 28 Februarie 2006 op. (34)

**INLIGTING:**

**1. Werklike inligting:**

| | **2005 Sept.** | **2005 Okt.** | **2005 Nov.** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 31 500 | 28 050 | 38 400 |
| Kredietverkope | 24 600 | 21 900 | 33 600 |
| Kontantaankope | 7 800 | 16 200 | 43 500 |
| Kredietaankope | 21 900 | 27 000 | 68 100 |
| Oortrokke bank | | | 19 000 |

**2. Inligting vir begrotingsdoeleindes:**

| | **2005 Des.** | **2006 Jan.** | **2006 Feb.** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 83 700 | 16 200 | 33 300 |
| Kredietverkope | 102 600 | 14 400 | 23 400 |
| Kontantaankope | 8 100 | 5 400 | 6 600 |
| Kredietaankope | 9 900 | 7 350 | 9 000 |
| Salarisse (voor bonus en verhoging) | 24 000 | **?** | **?** |
| Waardevermindering | | 1 200 | 18 900 |
| Geskatte kontantopbrengs van bateverkope | | 6 000 | |
| Geskatte kontantaankope van toerusting | | | 39 000 |
| Ander uitgawes (salarisse en rente op lening uitgesluit) | 7 761 | 6 399 | 8 031 |

Kopiereg voorbehou 

**3. Addisionele inligting:**

3.1 Daar word verwag dat debiteure hulle rekenings soos volg sal betaal:
- 30% in die maand van verkope, onderhewig aan 'n 5%-korting vir vroeë betaling
- 50% in die volgende maand
- 15% in die tweede maand nadat verkope plaasgevind het
- 5% sal waarskynlik nie ingevorder word nie

3.2 Daar word verwag dat krediteure soos volg betaal sal word:
- R38 040 in Desember 2005
- R16 620 in Januarie 2006
- R 7 860 in Februarie 2006

3.3 Die werknemers sal in Januarie 2006 'n bonus van 80% van hulle maandelikse salaris ontvang en hulle salarisse sal met 12% verhoog word vanaf 1 Februarie 2006.

3.4 Die rentekoers op die lening is 12% p.a. Daar is ooreengekom dat die lening van R180 000 na R210 000 op 31 Januarie 2006 verhoog sal word. Die rente is betaalbaar aan die einde van elke maand.

**44**

## VRAAG 4

**BANKVERSOENING** **(48 punte; 29 minute)**

Gebruik die gegewe inligting van Tony se Boomafkappingsdienste.

**OPDRAG:**

4.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Oktober 2005. Die voorlopige totaal van die bankkolom in die KOJ is R9 168, en in die KBJ R11 655. Tel slegs die bankkolomme op. (29)

4.2 Stel die Bankrekening op en saldeer die rekening op 31 Oktober 2005. (5)

4.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2005 op. (14)

**INLIGTING:**

Inligting geneem uit die Bankversoeningstaat van Tony se Boomafkappingsdienste op 30 September 2005.

| | |
|---|---|
| Debietsaldo volgens die Bankstaat | R1 893 |
| Tjeks nie vir betaling aangebied nie: | |
| Nr. 107 | 300 |
| Nr. 921 | 2 268 |
| Nr. 948 | 696 |
| Nr. 1 084 | 1 533 |
| Bedrag verkeerdelik deur die bank gekrediteer | 900 |
| Deposito nog nie deur die bank gekrediteer nie | 6 726 |
| Kredietsaldo volgens bankrekening | 864 |

**LET WEL:**

- Tjek nr. 107 is op 17 April 2004 ten gunste van Uitenhage Senior Sekondêre Skool uitgereik as ’n donasie. Die tjek het nou verjaar en moet gekanselleer word.
- Tjek nr. 921 is op 30 September 2005 ten gunste van Wooddock Handelaars getrek ter vereffening van ons rekening. Die tjek het verlore geraak en ’n nuwe tjek is aan hulle uitgereik. Geen inskrywings is in hierdie verband gedoen nie. (Die nommer van die laaste tjek uitgereik was 1298). Die nuwe tjek is deur Wooddock Handelaars afgehaal, maar is nog nie deur hulle gedeponeer nie.
- Die bankstaat vir 31 Oktober 2005 is ontvang en het ’n oortrokke saldo van R1 224 getoon.

’n Vergelyking van die Bankstaat ontvang van Takbank vir Oktober 2005 met die Bankversoeningstaat op 30 September 2005 en die Kontantjoernale vir Oktober 2005 het die volgende verskille getoon:

Inskrywings op die Bankstaat wat nie in die Kontantjoernale verskyn het nie:

- Deposito R6 726
- Tjek nr. 1084 vir R1 533
- Debietinskrywing, R900 (fout reggestel)
- Onbetaalde tjek R705 (Hierdie tjek is ontvang van P. Palm ter vereffening van sy rekening van R750 en gedeponeer op 26 Oktober 2005. Die tjek is geweier as gevolg van onvoldoende fondse.)
- Debietorder, R615 (Die stoporder is ten gunste van Deep Heat Versekeraars. Die bedrag bestaan uit ’n premie van R480 vir die besigheid en ’n premie van R135 vir die eienaar se woning).
- Deposito, R3 000. (Hierdie bedrag is gedeponeer deur die huurder, S. Shadow, op die lopende bankrekening.)
- Kontanthanteringsheffing, R57
- Diensgeld, R135
- Rente op oortrokke rekening, R54

Inskrywings in die Kontantjoernale wat nie op die Bankstaat verskyn nie:

- Tjek 1236, R1 266 (gedateer 24 Oktober 2005)
- Tjek 1276, R1 080 (gedateer 10 November 2005)
- Deposito, R4 917

**48**

**VRAAG 5**

**MAATSKAPPY** **(50 punte; 30 minute)**

Sithole Handelaars Beperk het ’n gemagtigde aandelekapitaal van R1 200 000 bestaande uit 2 400 000 gewone aandele teen 50c elk. Die finansiële jaareinde is 31 Desember.

**OPDRAG:**

Gebruik die gegewe inligting om die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 op te stel.

**SITHOLE HANDELAARS BEPERK**
**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2004**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | | |
| Gewone aandelekapitaal | | 640 000 |
| Behoue inkomste | | 33 200 |
| Grond en geboue | 600 000 | |
| Voertuie | 240 000 | |
| Toerusting | 65 280 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 71 040 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 39 360 |
| Verbandlening: Thabi Bank | | 48 000 |
| Debiteurekontrole | 19 912 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 1 120 |
| Krediteurekontrole | | 12 120 |
| Handelsvoorraad | 20 960 | |
| Bank | 6 448 | |
| Kleinkas | 160 | |
| Wisselgeld | 800 | |
| SAID (LBS) | | 1 200 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 40 152 | |
| **Nominale-rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 834 664 |
| Koste van verkope | 516 516 | |
| Debiteure-afslag | 8 240 | |
| Oninbare skulde verhaal | | 120 |
| Rente op verbandlening | 3 960 | |
| Bankkoste | 7 832 | |
| Direkteursfooie | 44 000 | |
| Ouditeursfooie | 10 944 | |
| Salarisse en lone (bydraes ingesluit) * | 86 940 | |
| Huurinkomste | | 52 224 |
| Oninbare skulde | 600 | |
| Skryfbehoeftes | 2 472 | |
| Belasting op eiendom | 10 784 | |
| Korting ontvang | | 872 |
| Versekering | 9 520 | |
| Dividende op gewone aandele | 38 400 | |
| | 1 733 920 | 1 733 920 |

*** Salarisse en lone sluit in:**

| | |
|---|---|
| Salarisse en lone | R82 800 |
| Pensioenfondsbydrae | 3 000 |
| WVF-bydrae | 1 140 |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. ’n Fisiese voorraadopname is op 31 Desember 2004 gedoen en voorraad voorhande is teen R19 400 gewaardeer.
2. Skryfbehoeftes voorhande, R776.
3. Maak voorsiening vir uitstaande rente op die verbandlening van R3 600.
4. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% op die verminderende-saldo en op toerusting teen 10% per jaar op kosprys. (Neem in ag dat ’n nuwe voertuig, kosprys R80 000, op 1 Oktober 2004 aangekoop is. Die boekhouer het die korrekte inskrywing vir die aankope van die voertuig op die betrokke datum gemaak.)
5. Die besonderhede van ’n werknemer wat op 1 Desember 2004 in diens geneem is, is per abuis weggelaat uit die Salarisjoernaal van Desember. Die volgende besonderhede is van toepassing:

   Bruto maandelikse salaris, R5 000
   LBS-aftrekking, R420
   Pensioenfonds-aftrekking, R280
   WVF-aftrekking, R50

   Vir elke R1 wat die werknemer tot die pensioenfonds bydra, dra die werkgewer R1,50 by. WVF-bydraes deur die werkgewer is gelyk aan die werknemer se aftrekkings. Geen betalings is in hierdie verband gedoen nie.
6. Die rekening van B. Fatima wat R520 skuld, is oninvorderbaar. Hierdie bedrag moet afgeskryf word.
7. Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot R970.
8. Versekering van R3 744 is vooruitbetaal.
9. R4 224 se huur is vooruitontvang.
10. Inkomstebelasting vir die jaar word op R47 000 bereken.

**50**

## VRAAG 6

**VENNOOTSKAP** **(30 punte; 18 minute)**

Die volgende saldo's verskyn in die vooraansuiweringsproefbalans van Ellis Brown Handelaars op 28 Februarie 2005, die einde van die rekenpligtige tydperk. Die twee vennote is E. Ellis en B. Brown.

**OPDRAG:**

Gebruik die gegewe inligting en stel die volgende notas tot die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 op:

6.1 Kapitaal (8)
6.2 Privaatrekenings (22)

**'n Totaalkolom word nie verlang nie.**

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans van Ellis Brown Handelaars op 28 Februarie 2005**

| | | |
|---|---|---|
| Kapitaal: E. Ellis | R 288 000 | |
| Kapitaal: B. Brown | R 144 000 | |
| Onttrekkings: E. Ellis | R 40 080 | |
| Onttrekkings: B. Brown | R 38 160 | |
| Privaatrekening: E. Ellis (1/3/2004) | R 10 272 | Kt |
| Privaatrekening: B. Brown (1/3/2004) | R 5 076 | Dt |

**Sommige van die bepalings van die vennootskapsooreenkoms is:**

1. B. Brown het sy kapitaalbydrae in die besigheid gedurende die jaar met R24 000 kontant verhoog. Dit is reeds geboekstaaf.

2. E. Ellis and B. Brown is geregtig op 'n maandelikse salaris van R2 640 en R2 160 onderskeidelik.

3. Rente op kapitaal belê moet in berekening gebring word:

   E. Ellis, R36 000
   B. Brown, R17 250

4. Die res van die inkomste moet verdeel word tussen die vennote in die verhouding Ellis: Brown = 2:1

5. Die netto inkomste soos vasgestel in die Wins-en-verliesrekening beloop R164 850.

**30**

## VRAAG 7

**KLUB** **(50 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting geneem uit die boeke van Astro Netbalklub.

**OPDRAG:**

7.1 Stel die Ledegeldrekening vir die jaar geëndig 31 Desember 2004 op. Balanseer/Sluit die Algemene Grootboekrekening. (12)

7.2 Die Balansstaat op 31 Desember 2004 (Notas word nie verlang nie. Toon berekeninge tussen hakies sodat deelpunte toegeken kan word.) (34)

7.3 Die verkoop van verversings toon 'n wins van R1 080. Die klubbestuur is nie tevrede met hierdie wins nie. Gee TWEE voorstelle hoe die wins verhoog kan word. (4)

**INLIGTING:**

**SALDO'S OP 1 JANUARIE 2004:**

| | |
|---|---|
| Vooruitontvange inkomste (ledegeld) | R420 |
| Opgelope inkomste (ledegeld) | R1 260 |

**LEDEGELD:** Gedurende die rekenpligtige tydperk is ledegeld van lede ontvang ten opsigte van 2003 - R1 260; 2004 - R62 580; 2005 - R1 680. Geen lede was agterstallig aan die einde van 2004 nie.

**SURPLUS:** Nadat al die jaareind-aansuiwerings in berekening gebring is, het die korrekte netto surplus vir die jaar R26 082 beloop.

**SOMMIGE SALDO'S GENEEM UIT DIE GROOTBOEK VAN DIE ASTRO NETBALKLUB AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR NADAT AANSUIWERINGS REEDS GEDOEN IS:**

| | |
|---|---|
| Velde en klubhuis | 142 200 |
| Opgehoopte (Kapitaal) fonds | 35 040 |
| Toerusting | 10 200 |
| Verbandlening: Rich Bank (10% p.j.) | 98 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 4 944 |
| Vaste deposito: Groovey Bank (14% p.j.) | 18 000 |
| Diverse debiteure | 630 |
| Voorraad: Netbalverbruiksgoedere | 4 620 |
| Voorraad: Verversings | 1 200 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 96 |
| Bank (gunstig) | 6 480 |
| Lening van klublid (terugbetaalbaar in 2010) | 10 000 |
| Diverse krediteure | 2 280 |
| Opgelope uitgawes | 5 400 |
| Vooruitontvange inkomste | ? |

**50**

**TOTAAL: 300**

---oooOooo---

*Kopiereg voorbehou*

CENTRE NUMBER/**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

CANDIDATE'S EXAMINATION NUMBER/**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

OCTOBER/NOVEMBER 2005
**OCTOBER/NOVEMBER 2005**

***DEPARTMENT OF EDUC ATION***
**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

ACCOUNTING STANDARD GRADE
**REKENINGKUNDE STANDAARDGRAAD**

***SPECIAL ANSWER BOO K/****SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

This answer book consists of 13 pages.
**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 13 bladsye.**

| QUESTION **VRAAG** | MARKS **PUNTE** | INITIAL **PARAFEER** | MOD. **MOD.** |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| TOTAL **TOTAAL** | | | |

## QUESTION 1/VRAAG 1

| No.<br>Nr. | General Ledger Account debited/<br>Algemene Grootboek Rekening gedebiteer | General Ledger Account credited/<br>Algemene Grootboek Rekening gekrediteer | Effect on the equation/Invloed op die rekeningkundige vergelyking | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Assets<br>Bates | Owners' equity<br>Eienaars-belang | Liabilities<br>Laste |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| TOTAL MARKS<br>TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 38 |

Copyright reserved/Kopiereg voorbehou

## QUESTION 2/VRAAG 2

**2.1**

### MEMBERS' CONTRIBUTION/LEDEBYDRAES

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks*
*Punte*

| |
|---|
| **6** |

**2.2**

### SARS (Income tax) / SAID (Inkomstebelasting)

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks*
*Punte*

| |
|---|
| **11** |

*Copyright reserved/Kopiereg voorbehou* 

**2.3**

## DISTRIBUTION PAYABLE TO MEMBERS
## VERDELING BETAALBAAR AAN LEDE

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **7** |

**2.4**

## LOAN TO S. STEWART/LENING AAN S. STEWART

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **6** |

Copyr ight rese rved/K opiereg voor behou 

**2.5**

**APPROPRIATION ACCOUNT/VERDELINGSREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **10** |

| **TOTAL MARKS TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## QUESTION 3/VRAAG 3

**3.1**
**JORDAAN ANTIQUES/JORDAAN OUDHEDE**
**DEBTORS COLLECTION SCHEDULE DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE**

| | CREDIT SALES/ KREDIET-VERKOPE | 2005 DECEMBER/ DESEMBER | 2006 JANUARY/ JANUARIE | 2006 FEBRUARY/ FEBRUARIE |
|---|---|---|---|---|
| October 2005/ Oktober 2005 | 21 900 | 3 285 | --- | --- |
| November 2005/ November 2005 | 33 600 | 16 800 | 5 040 | --- |
| December 2005/ Desember 2005 | 102 600 | 29 241 | | |
| January 2006/ Januarie 2006 | 14 400 | | | 7 200 |
| February 2006/ Februarie 2006 | 23 400 | | | 6 669 |
| | | 49 326 | | |

| *Marks/ Punte* |
|---|
| |
| **10** |

**3.2 JORDAAN ANTIQUES/JORDAAN OUDHEDE**

**CASH BUDGET FOR THE PERIOD 1 DECEMBER 2005 TO 28 FEBRUARY 2006/**
**KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK 1 DESEMBER 2005 TOT 28 FEBRUARIE 2006**

| | DEC./DES. | JAN. | FEB. |
|---|---|---|---|
| **CASH RECEIPTS/KONTANTONTVANGSTE** | | | |
| Cash sales/Kontantverkope | **83 700** | | |
| Cash receipts from debtors/ Kontant ontvang van debiteure | **49 326** | | |
| Asset disposal/Bateverkope | | | |
| Loan received/Lening ontvang | | | |
| | | | |
| **TOTAL RECEIPTS/TOTALE ONTVANGSTE** | **133 026** | | |
| **CASH PAYMENTS/KONTANTBETALINGS** | | | |
| Cash purchases of stock/ Kontantaankope van voorraad | **8 100** | | |
| Payments to creditors/ Betalings aan krediteure | **38 040** | | |
| Salaries/Salarisse | **24 000** | | |
| Equipment/Toerusting | | | |
| Other expenses/Ander uitgawes | **7 761** | | |
| Interest on loan/Rente op lening | **1 800** | | |
| | | | |
| **TOTAL PAYMENTS/TOTALE BETALINGS** | **79 701** | | |
| **CASH SURPLUS (DEFICIT)/ KONTANTSURPLUS (TEKORT)** | **53 325** | | |
| **CASH AT BEGINNING OF PERIOD/ KONTANT AAN BEGIN VAN TYDPERK** | **(19 000)** | | |
| **CASH AT END OF PERIOD/ KONTANT AAN EINDE VAN TYDPERK** | **34 325** | | |

| TOTAL MARKS/ TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **44** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **34** |

]

## QUESTION 4/VRAAG 4

**4.1 CASH RECEIPTS JOUR NAL OF TON Y'S TREE FELLING SERV ICES - OCT. 200 5**
**KONTA NTONTVANGSTEJOERNA AL VAN TONY SE BOOMAFKAPPI NGSDIE NS – OKT. 200 5**

| DOC/ DOK | DAY/ DAG | DETAILS/ BESONDERHEDE | BANK | SUNDRY ACCOUNTS/ DIVERSE REKENINGE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | AMOUNT/ BEDRAG | DETAILS/ BESONDERHEDE |
| | 31 | Totals/Totale | 9 168 | 9 168 | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| Marks/ Punte |
|---|
| |
| 10 |

**CASH PAYMENTS JOURNAL OF TONY'S TREE FELLING SERVICES - OCT. 2005**
**KONTA NTBETALI NGSJOER NAAL VAN TONY SE BOO MAFKAPPI NGSDIENSTE – OKT. 2005**

| DOC/ DOK | DAY/ DAG | DETAILS/ BESONDERHEDE | BANK | SUNDRY ACCOUNTS/ DIVERSE REKENINGS | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | AMOUNT/ BEDRAG | DETAILS/ BESONDERHEDE |
| | 31 | Totals/Totale | 11 655 | 11 655 | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| Marks/ Punte |
|---|
| |
| 19 |

**4.2 BANK ACCOUNT/BANKREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 5 |

**4.3 BANK RECONCILIATION STATEMENT ON 31 OCTOBER 2005/ BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 OKTOBER 2005**

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| 14 |

| TOTAL MARKS TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 48 |

## QUESTION 5/VRAAG 5

**SITHOLE TRADERS LIMITED/SITHOLE HANDELAARS BEPERK**
**INCOME STATEMENT FOR THE YEAR ENDED 31 DECEMBER 2004/**
**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2004**

| | | |
|---|---|---|
| Sales/Verkope | | |
| Cost of sales/Koste van verkope | | |
| Gross profit/Bruto wins | | |
| Other operating income/ Ander bedryfsinkomste | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Operating expenses/ Bedryfsuitgawes | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Operating profit/Bedryfswins** | | |
| Interest income/Rente-inkomste | | |
| **Profit before interest expense/ Wins voor rente-uitgawes** | | |
| Interest expense/Rente-uitgawes | | |
| **Profit before tax/Wins voor belasting** | | |
| Income tax/Inkomstebelasting | | |
| **Net profit for the year/ Netto wins vir die jaar** | | |

| **TOTAL MARKS TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

Copyright reserved/Kopiereg voorbehou 

## QUESTION 6/VRAAG 6

**NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/
NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

| 6.1 CAPITAL/KAPITAAL | E. ELLIS | B. BROWN |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| *Marks/* Punte |
|---|
| |
| **8** |

| 6.2 CURRENT ACCOUNTS PRIVAATREKENINGS | E. ELLIS | B. BROWN |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| Partners' salaries/ Vennote se salarisse | | |
| Interest on capital/ Rente op kapitaal | | |
| | | |
| Final distribution of profit/ Finale verdeling van wins | | **18 000** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| *Marks/* Punte |
|---|
| |
| **22** |

| TOTAL MARKS TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **30** |

## QUESTION 7/VRAAG 7

7.1

### MEMBERSHIP FEES/LEDEGELD

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 12 |

**7.2 BALANCE SHEET – SEE NEXT PAGE/ BALANSSTAAT – SIEN VOLGENDE BLADSY**

**7.3 TWO WAYS IN WHICH THE PROFIT ON SALE OF REFRESHMENTS CAN BE IMPROVED**
**TWEE MANIERE OM DIE WINS MET DIE VERKOOP VAN VERVERSINGS TE VERBETER**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 4 |

Copyright reserved/Kopiereg voorbehou Please turn over/Blaai asseblief om

**7.2 BALANCE SHEET OF ASTRO NETBALL CLUB ON 31 DECEMBER 2004/ BALANSSTAAT VAN ASTRO NETBALKLUB OP 31 DESEMBER 2004**

| | | |
|---|---|---|
| **ASSETS/BATES** | | |
| Non-current assets/Niebedryfsbates | | |
| Tangible assets/Tasbare bates | | |
| Financial assets – Investments/<br>Finansiële bates – Beleggings | | |
| | | |
| **Current assets/Bedryfsbates** | | |
| Inventory/Voorraad | | |
| Receivables/Ontvangbares | | |
| Cash and cash equivalents/<br>Kontant en kontantekwivalente | | |
| | | |
| **TOTAL ASSETS/TOTALE BATES** | | |
| **FUNDS AND LIABILITIES/FONDSE EN LASTE** | | |
| | | |
| Accumulated fund/Opgehoopte fonds | | |
| | | |
| Non-current liabilities/Niebedryfslaste | | |
| ? | | |
| ? | | |
| | | |
| Current liabilities/Bedryfslaste | | |
| Payables/Betaalbare bedrae | | |
| | | |
| | | |
| **TOTAL FUNDS AND LIABILITIES/<br>TOTALE FONDSE EN LASTE** | | |

| TOTAL MARKS<br>TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| **50** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **34** |

**TOTAL/TOTAAL: 300**

*Copyright reserved/Kopiereg voorbehou*